NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN – MAART 2017

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur | 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

IEB Copyright © 2017

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

Lees die volgende artikel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Veldtog teen boelies: Atleet deel sy ondervinding

Deur *Anika Marais*

1 Kaapstad – Die 23-jarige Wayde van Niekerk het in Augustus 2015 Suid-Afrika se eerste wêreldkampioen in die 400 m naellope geword. Dit is merkwaardig vir iemand wat as skolier gereeld deur boelies geteister is.

2 Hy het dié item op die Wêreldkampioenskappe in Beijing met 'n tyd van 43,48 sekondes gewen en het sy teenstanders stukkend gehardloop.

3 Hy het die internasionale atletiekwêreld laat regop sit toe hy vinniger as 10 sekondes die 100 m, 20 sekondes die 200 m, en 44 sekondes die 400 m gehardloop het. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van atletiek dat iemand dit reggekry het. Tans oefen hierdie Kapenaar vir vanjaar se Olimpiese Spele in Rio de Janeiro.

4 Sy uitsonderlike prestasie het van hom 'n huishoudelike naam gemaak. Van Niekerk is ook die gesig van 'n veldtog teen boelies wat vandeesmaand deur die televisienetwerk *Cartoon Network* en die tolvrye hulplyn *Childline* begin is.

5 Deelnemers aan die veldtog sal onder meer video's met raad oor boelies in Sotho, Zoeloe, Engels en Afrikaans versprei. Ook is 'n reeks kort animasiefilms reeds op *Cartoon Network* te sien.

6 Alhoewel hy op die sportveld vir al die boelies kon wys wie eintlik baas is, was Van Niekerk as kind op die skoolterrein "rondgeslaan en geboelie".

7 "Toe ek op skool geboelie is, het ek altyd gedink ek moet net uithou tot op die sportveld, want dáár kan ek op my eie manier terugveg," het Van Niekerk vertel. "Ek weet hoe dit voel om geboelie te word en daarom het ek nie twee keer gedink om by dié veldtog betrokke te raak nie.

8 "Toe ek 'n kind was, het ons gesin baie rondgetrek. Ek is by verskeie skole geboelie. Ek het baie eensaam gevoel omdat ek nooit vir enigiemand daarvan vertel het nie. Ek wil nou vir kinders wys dit is nie nodig om alleen bang te voel nie. Daar is hulp.

IEB Copyright © 2017

9 "Dit is belangrik dat ons die perspektief van die boelies aanspreek omdat hulle soms nie weet hul gedrag raak ander nie, of hulle het self die een of ander trauma ervaar. Ek het gekies om op die positiewe deel van die lewe te fokus. Ek wil jongmense help om op te staan teen boelies en te weet dat dit gestop kan word."

10 Volgens die statistieke wat *Childline* onlangs bekend gemaak het, word sowat 35% van kinders in Suid-Afrika op skool geboelie.

11 "Deesdae kan boelies kinders oral agtervolg. Dis nie net meer op die skoolterrein nie. Die boelies is in die kinders se sakke, op hulle selfone. Hulle maak ook gebruik van sosiale netwerke om kinders te boelie. Vir sommige kinders voel dit asof hulle nooit daarvan kan ontsnap nie. Daarom is dit belangrik dat volwassenes en onderwysers tyd maak om te luister na kinders wat geboelie word."

[Bron: Verwerk en aangepas uit *JIP*, 23 Mei 2016.
Foto:<www.bloemfonteincourant.co.za>]

1.1 Hoekom is dit vir Wayde 'n persoonlike en 'n besondere prestasie om 'n wêreldkampioen in sy sport te wees? (1)

1.2 Haal **vier opeenvolgende woorde** uit die eerste vyf reëls aan wat aandui dat die ander atlete nie 'n kans teen hom gestaan het nie. (1)

1.3 Waarvoor berei Wayde van Niekerk hom op die oomblik voor? (1)

1.4 Haal **twee opeenvolgende woorde** uit paragraaf 4 aan wat aandui dat **almal nou weet wie Wayde van Niekerk is**. (1)

1.5 1.5.1 Hoe gebruik Wayde sy sukses om iets vir die gemeenskap te doen? (1)

1.5.2 Vir watter **twee** internasionale organisasies doen hy hierdie werk? (2)

1.6 Hierdie artikel is deur Anika Marais geskryf. Hoe, dink jy, voel sy oor Wayde van Niekerk? (1)

1.7 1.7.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:

In die begin was Van Niekerk **huiwerig** om aan hierdie veldtog deel te neem. (1)

1.7.2 Gee 'n rede uit die leesstuk vir jou antwoord in Vraag 1.7.1. (1)

1.8 Watter **twee** lesse wil Van Niekerk vir jong kinders omtrent boelies leer? (Par. 9) (2)

1.9 Hoekom voel sommige kinders dat hulle nooit van boelies kan wegkom nie? (1)

[13]

VRAAG 2 VISUELE TEKS – ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

[Bron: <http://www.goodhousekeeping.co.za/>]

IEB Copyright © 2017

2.1 Hoe inspireer hierdie advertensie die verbruiker **visueel** om Lucky Star produkte te koop? (1)

2.2 Wat is *Lucky Star* se slagspreuk? (1)

2.3 Waarom plaas hulle foto's van die verskillende blikkies vis op die advertensie? (1)

2.4 2.4.1 Sê of die onderstaande stelling **waar** of **onwaar** is:

Dit is 'n goeie idee om die produknaam, , in die middel van die advertensie te plaas. (1)

2.4.2 Gee 'n sinvolle rede vir jou antwoord in Vraag 2.4.1. (1)

2.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs **die vraagnommer en letter** neer:

Watter logo dui aan dat die *Hart-en-beroerte-stigting* hierdie **voedselproduk** ondersteun?

A

B

C

D (1)

2.6 Wat wil die **Hart-en-beroerte-stigting** graag onder verbruikers se aandag bring? (1)
[7]

VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

Bestudeer die volgende leesteks en spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Kennis is mag, maar wie moet opdok?

Eeue lank het ouers vir hul kinders se universiteitsopleiding betaal. Daar is 'n tendens oor die hele wêreld dat regerings al hoe minder geld beskikbaar stel vir jongmense om te studeer. Hierdie regerings verwag dat die individu (ek en jy) meer tot hierdie kostes sal moet bydra.



[Bron: *Die Burger*, 10 Februarie 2015]

3.1 Noem twee dinge van die pa se voorkoms wat aandui dat hy nie meer jonk is nie. (2)

3.2 3.2.1 Sê of die volgende stelling **waar of onwaar** is.

Albertus is 'n baie sportiewe mens. (1)

3.2.2 Gee '**n rede** uit die spotprent vir jou antwoord in Vraag 3.2.1. (1)

3.3 Op watter twee maniere kan ons sien dat Albertus die oorfone van sy ore afhaal? (2)

3.4 Watter **nadeel** hou sy pa se voorstel vir Albertus in? (1)

3.5 Wat is op Albertus se skoot (A)? (1)

3.6 Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende opskrif beteken: **Studiegeld skiet hoogte in** (C). (1)

3.7 Wat hou Albertus se pa onder sy arm vas (B)? (1)

[10]

30 punte

IEB Copyright © 2017

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4

Lees die instruksies en teks en voer dan die opdrag uit.

Skryf **vyf wenke** neer oor hoe jy jou immuunstelsel kan opbou. Skryf ook **die voordeel** van elke wenk neer.

- Elke punt moet 'n wenk **en** die voordeel daarvan insluit.
- Jy mag meer as een sin by elke punt skryf of jy mag van voegwoorde gebruik maak om jou sinne te verbind.
- Jy mag nie direk uit die leesstuk aanhaal nie.
- Nommer die punte van 1 tot 5.
- Laat 'n reël tussen elke sin oop.
- Skryf die woordtelling aan die einde van die opsomming neer.
- Jy sal gepenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (langer as 80 woorde) is.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

Vyf stappe tot 'n sterker immuunstelsel

Meer mense is besig om bewus te raak van hoe belangrik dit is om 'n gesonde immuunstelsel te hê. In vandag se samelewing is stres en verswakte immuunstelsels nie meer die uitsondering op die reël nie.

Stres dra baie by tot die verswakking van die immuunstelsel. Wanneer jy onder spanning verkeer, is dit baie makliker om siek te word. Jy moet dus jou immuunstelsel opbou om jou stres onder beheer te kry.

Eet meer vars vrugte en groente op 'n daaglikse basis. Dit kan jou help om jou immuunstelsel op 'n natuurlike wyse te versterk. Verminder die hoeveelheid verwerkte en verpakte voedsel. Maak dit deel van jou roetine om een van jou maaltye met 'n slaai te vervang.

Dit is belangrik om daagliks 'n immuun-versterker te drink. Vitamien C-aanvullings is die algemeenste tipe, maar daar is ook natuurlike versterkers soos knoffelhuisies. Daar is ook ander kruie wat sal help om jou liggaam se immuunstelsel te versterk.

Laat jou hartklop ten minste een keer 'n dag versnel! Dans 'n bietjie in jou sitkamer rond, of stap met die trap op in plaas daarvan om die roltrap of hysbak te gebruik. Oefening sal jou algemene gesondheid baie verbeter. Kombineer jou roetines gedurende die week sodat jy sowel kardiovaskulêre as gewigte sessies inkry.

Behoorlike rus is net so belangrik. Dit help om jou **immuunstelsel** op te bou wat jou teen siektes sal beskerm. As jy sukkel om te slaap, oorweeg 'n natuurlike middel om jou te help om lekker uit te rus.

[Bron: <http://www.immunadue.co.za/af/index.php/a-z-gesondheidsprobleme>]

10 punte

AFDELING C POËSIE

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Hoe die *band* ontstaan het
Annie Klopper
(met verwysing na Frederic Prokosch se "Evening")

Niekie van den Berg se stem uit 'n radio langs 'n strykplank
het aangedui dat dit 'n veilige middag was in 'n ewe veilige buurt
waar die koper-kakkies op kaggels waarskynlik gereeld
afgestof word
en 'n nuwe pienk overall vir die bediende waarskynlik gereeld
gekoop word
die windstil aard van die dag het boomtakke gewoon
onskadelik laat vertoon
waar dit hang oor strate waardeur kinders van die skool af loop
met tasse waarin boeke soos goeie maniere stilsit
sonder enige planne om dalk later 'n grensverskuiwende
impak te maak
die boeke sou soet stilbly terwyl die skooltas deur 'n agterdeur,
verby Niekie se stem en
vars strykwerk
deur 'n geurige kombuis
gesleep is
terwyl die sisgeluid wat 'n strykyster graag maak
aangedui dat alles steeds veilig was –
die borrels in die pastapot en die plekmatjies,
die onuitdagende houding van die sout- en peperpotjies
en die gemak waarmee vuil skoolklere
in 'n wasgoedmandjie val,
was alles aanduidings dat alles min of meer
ewe veilig was
as laas week min of meer dieselfde tyd
die staanhorlosie het immers so gemoedelik getik
'n mens sou dink
dat tyd onbaatsugtig was –
maar terwyl die kerktoring ewe standvastig as laas week
laer af in die straat dieselfde grys as vroeër was
en bakstene met dieselfde voorspelbare gemak
aan mekaar verbind gebly het as vroeër
terwyl stoele aan etenstafels dié aand met dieselfde
oorbekende, onrevolusionêre klank op linoleum
onder tafels ingeskuif is
en hande ewe warm as gister gevat is,
het die harte van kinders in menige huise
skielik begin skud met soveel vrees en begeerte
dat daar in musiek uitgebars is
en lywe begin brand het

[Bron: *Toulopers: Verse vir tieners* – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa, 2011]

IEB Copyright © 2017

5.1 Watter **soort** gedig is dit hierdie? (1)

5.2 Wie is Niekie van den Berg? Skryf slegs een woord as antwoord neer. (1)

5.3 Hoe beklemtoon die spreker die **kalmte en rustigheid** in reël 2? (1)

5.4 **Haal een woord aan** wat aandui dat die **natuur** ook hierdie kalmte en rustigheid ondersteun. (1)

5.5 Haal 'n voorbeeld van **personifikasie** uit die gedig aan. (1)

5.6 Kyk na **reëls 10–12**. Hoekom, dink jy, gaan daar geen "grensverskuiwende" veranderinge na skool plaasvind nie? (1)

5.7 Haal **een** voorbeeld van **onomatopee** (klanknabootsing) uit **reëls 13–19** aan. (1)

5.8 Gee **een** voorbeeld uit **reëls 20–25** wat aandui dat "alles min of meer ewe veilig was". (1)

5.9 In watter reël vind die **wending** in die gedig plaas? (1)

5.10 **Waarom** hou die mense om die tafel mekaar se hande vas (reël 37)? (1)

5.11 Kies die regte antwoord. Skryf slegs die **vraagnommer en letter** neer.

Die musiek waarna daar in reël 40 verwys word, is eintlik 'n metafoor vir ...

A liefde.
B opstand.
C veiligheid.
D kalmte. (1)

5.12 Verduidelik die **kontras** tussen die **eerste vier reëls** en die **laaste vier reëls** van die gedig. (1)

[12]

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Kinderspeletjies
Franci Greyling

"*Wolf, wolf, hoe laat is dit?*"
"*10-uur.*"
"*Wolf, wolf, hoe laat is dit?*"
"*11-uur.*"
"*Wolf, wolf, hoe laat is dit?*"
Laat, my kind, laat.
Dis laat in die dag, kort voor twaalf,
Die planete se tyd loop
uit die moeras klouter kreature
vreemde diere wat niemand ken
of ooit van gedroom het nie
– half dier, half mens, half monster –
oor spartelende visse trap ons spoor
langs leë oewers, deur mynvelde, myne, myne, fabrieke, stede, landerye,
vlaktes, berge, woestyn
verdwyn ...
"*Etenstyd!*"

[Bron: *Toulopers: Verse vir tieners* – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa, 2011]

6.1 **Waarom** is die eerste vyf reëls **kursief** geskryf? (1)

6.2 Watter **konnotasie** maak die digter as hy die woord "moeras" (reël 9) gebruik? (1)

6.3 6.3.1 Waarna verwys die **mynvelde** (reël 14)? (1)

6.3.2 Waarom word die woord "myne" in reël 14 **herhaal**? (2)

6.3.3 Noem **twee** maniere waarop **fabrieke** (reël 14) ons wêreld vernietig. (2)

6.4 Wat gaan met die wêreld gebeur wanneer "*Etenstyd*" (reël 17) aanbreek? (1)
[8]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Vrees van die arbeider – DJ Opperman

1 Bitter dwaal ek met die skande
2 dat my moeë en vereelte hande

3 nie die dinge bring aan jou
4 wat jy van my kan eis as vrou;

5 jou oë wat in stiller ure wys
6 jy droom oor 'n "verlore paradys"!

7 In my groei die grou vermoede
8 jy het my in my groot armoede

9 sonder liefde, sonder haat
10 al maande, jare reeds verlaat.

[Uit: *Verslig* – Charles Fryer]

7.1 Wat soort werk doen die spreker? (1)

7.2 Haal 'n woord uit strofe 1 aan wat aandui **hoe** die spreker oor sy situasie voel. (1)

7.3 Wat is die **funksie** van die enjambement aan die einde van reël 2? (1)

7.4 Haal **twee woorde** uit die gedig aan wat aandui dat die spreker se werk fisies is. (1)

7.5 7.5.1 Skryf slegs JA of NEE:

Die vrou eis dinge wat die spreker nie kan gee nie. (1)

7.5.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 7.5.1. (1)

7.6 Waarna verwys die "stiller ure" (reël 5)? (1)

7.7 Om watter rede verwys die spreker juis na "die **grou** vermoede" (reël 7) wat in hom groei? (1)

7.8 Wat vertel die slotstrofe vir ons van **die vrou se gevoelens** teenoor die spreker? (1)

7.9 **Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.**

Die soort strofes in die gedig is ...

A kwatryne.
B oktawe.
C koeplette
D tersines. (1)

[10]

30 punte

AFDELING D TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Bestudeer die strokiesprent hieronder en herskryf die sinne soos aangedui:

[Bron: <http://meester.yolasite.com>]

8.1 Die onderwyser het met die student gestaan en gesels.

Môre ... (1)

8.2 Die seun wil nie in die moeilikheid kom nie.

Verlede jaar ... (1)

8.3 Alle studente moet hulle eie werk doen.

Alle studente behoort ... (1)

8.4 Het jy al ooit ander studente se werk afgeskryf?

Nee, ek ... (1)

8.5 Hy is in 'n kwaai onderwyser se klas. Hy moet hard werk.

Vandat ... (1)

8.6 Meneer Smit het hom gewaarsku. Hy wou net in die klas speel.

Meneer Smit het hom gewaarsku, nogtans ... (1)

8.7 Die seun speel elke dag dieselfde videospeletjie.

Dieselfde videospeletjie ... (1)

8.8 Meneer Smit plaas die seun in detensie sodat hy hom kan straf.

Meneer Smit plaas hom in detensie om ... (1)

IEB Copyright © 2017

8.9 Meneer Smit vra: "Sal jy asseblief met jou werk begin?"

Meneer Smit vra beleefd vir die seun of ... (1)

8.10 Meneer Smit is 'n kwaai onderwyser. Die seun praat met meneer Smit.

Meneer Smit met wie ... (1)

8.11 Die seun is bang vir meneer Smit. Die res van die klas is bang vir meneer Smit.

Sowel ... as ... (1)

8.12 Die onderwyser sê vir die seun dat hy al sy werk teen die volgende dag moet inhaal.

Die onderwyser het vir die seun gesê: "..." (1)

[12]

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Verwys na die strokiesprent hieronder.

Lees die volgende paragraaf deur en skryf elke keer die woorde tussen hakies oor soos gevra word.

Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord *onder mekaar* in jou antwoordblad neer.

[Bron: <http://meester.yolasite.com>]

Meneer Smit het amper **9.1 (selde – gee die antoniem)** 'n probleem met die studente **9.2 (waarvoor/vir wie – kies die korrekte vorm)** hy Wiskunde aanbied. Daar is veral een **9.3 (seun – gee die verkleinvorm)** wat sy **9.4 (*patience* – gee die korrekte Afrikaanse woord)** gereeld beproef. Sy naam is Neelsie en hy het onlangs **9.5 (12 – skryf uit)** jaar oud geword. Neelsie dink soms **9.6 (sy/hy – kies die korrekte voornaamwoord)** is die **9.7 (snaaks – gee die oortreffende trap)** persoon in die hele **9.8 (werêld/wêreld – kies die korrekte woord)** en dan probeer Neelsie om meneer Smit te terg. Eintlik is meneer Smit 'n **9.9 (goed – gee die korrekte vorm van die woord)** onderwyser want hulle kry gewoonlik goeie **9.10 (merke/punte – kies die korrekte woord)**. Hy probeer om nie **9.11 (met/vir/na – kies die korrekte voorsetsel)** Neelsie kwaad te word nie. Neelsie het **9.12 (na aanleiding van – gee die korrekte afkorting)** meneer Smit se voorkoms gedink dat hy **9.13 (baie oud – gee die intensiewe vorm)** is. Meneer Smit het hom so koel soos 'n **9.14 (____ – voltooi die vergelyking)** gedra en nie eers **9.15 (op+dit – gee die korrekte vorm van die woord)** gereageer nie. Dit is al die **9.16 (drie – skryf die rangtelwoord neer)** keer dat Neelsie vandag vir meneer Smit probeer terg.

[8]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

Lees die inligting hieronder wat op die prentjie gebaseer is, deeglik deur. Voer die instruksies wat by elke vraag gevra word, uit. Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. Elke respons moet tussen 15 tot 20 woorde lank wees. Dit mag een of twee sinne wees.

Die hele gesin is by die hospitaal, want dit is besoektyd. Die oudste dogter het 'n operasie gehad.

10.1 Hul oudste dogter (Persoon A) **kla** dat sy nog baie **pyn** verduur en sy wil nie eet nie. Skryf neer wat sy vir haar ouers sê. (2)

10.2 Haar ma (Persoon D) probeer haar oudste dogter **beleefd oorreed** om die kos te eet. Sy moet dit vir 'n spesifieke **rede** eet. Wat sê sy vir haar kind? (2)

10.3 Die jonger dogter (Persoon E) is **bekommerd** omdat haar suster in die hospitaal is en nie by die huis nie. Wat sê sy vir haar suster? (2)

10.4 Hulle klein boetie (Persoon C) is **ongeduldig** en hy **kerm** dat hy huis toe wil gaan. Wat sê hy, is **sy rede** om te gaan? (2)

10.5 Die pa (Persoon B) **vra om verskoning** dat hy nie langer kan bly nie. Wat sê hy vir sy oudste dogter is **die rede** waarom hy nou moet gaan? (2)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2017